Julie 2011 Jg/Vol 19.21

BILLI

Nuusbrief van die Vrystaatse Afdeling van die BKSA
Newsletter of the Free State Section of the MCSA

EK ONTMOET MY VERAF FAMILIE IN RWANDA

Molly Smit

Ek weet nie of die mens en gorillas regtig op een of ander manier aan mekaar verwant is nie. Indien dit wel so is, wil ek net, sonder om oneerbiedig teenoor ander beskouings te wees, sê ek ervaar dit dan as 'n groot eer om veraf verwant te wees aan gorillas, die wonderlike sagte reuse van die woud. Ek wens die hele mensdom kon so vredig en aanvarend wees.

Oor die sjimpansees wat glo nog nader aan ons verwant is, is ek nie naasteby so opgewonde nie hoewel dit opwindend was om die wesens te sien en te hoor raas in die digte woud waar ons hulle gaan soek het, genadiglik op lekker paadjies wat goed onderhou word. Hulle het ons gesien lank voordat ons hul gewaar het en as dit nie vir die veldwagter was wat uitwysings hoog in die bome gedoen het nie, sou jy nie geweet het ons moontlike veraf familie kruip daar hoog bo vir ons weg nie.
Ons het ook volop kolobusape van naby gesien maar soos die sjimpansees is hulle ook menssku en ons moes 'n sekere afstand handhaaf of hulle gee pad. Maar nie die gorillas nie.
Om by hulle te kom, was 'n reuse en hoogs uitputtende en duur poging. Ons het iewers in die oggend vanaf die Volcanos National Park se hoofkwartier begin stap en ons spoedig reg aan die voet van die vulkaan bevind. Teen 400 VSA $'s per persoon, toe sowat R 3 200-00, begin ons die vulkaan klim.

Gorillas koek in familiegroepe saam, nie in gemeenskappe nie. Daar waar ons was, is sewe groepe wat een maal daagliks deur groepe van maksimum agt toeriste elk besoek word. Daar is ook families wat nie besoek mag word nie en wanneer mens hulle dalk sien, mag jy hulle nie nader nie. Mens mag nie nader as sewe meter aan jou familie kom nie. Op my versoek het die hulpgids gedemonstreer hoe ver sewe meter is. Dit is so naby en tog ook so ver. Die families is nie area-gebonde nie en beweeg vrylik teen die hellings rond. Daarom is daar nie lekker paadjies nie en moet jou roete elke keer deur jou gidse oopgekap word. Dit groei natuurlik gou weer toe. Elke familie word deur 'n menswag opgepas wat in selfoonverbinding met sy spesifieke groep vir die dag is. So besoek ons dan op 17 Junie 2010 die Umubano familie.
Aan die begin was die staptog heel lekker en gesellig….totdat ons die woud bereik. Van toe af is dit met die hulp van jou draer 'n stryd om oorlewing, veral vir ons ouens met die kort bene.

Laasgenoemdes is naderhand deur hulle draers fisies deur die halfoopgekapte bosse teen feitlik loodregte hellings aan die

arms opgesleep en soms selfs onder die arms beetgekry en gedra. Dit sou vernederend gewees het as ek nie so dankbaar en verlig was nie. Dit het sowat twee ure geneem. Op 'n stadium skep ons asem op 'n operige kolletjie. En wat sien ons? Oorkant die vallei teen die oorkantse helling doer ver, klou 'n groot swart blerts aan 'n groot wit boomstam. Ons verkykers wys dit is 'n gorilla wat met bene, voete (my moontlike familie het nie pote nie) en arms om die stam klou. En dit is waarheen ons op pad is. En tussenin is daar mierkolonies wat ons wil opvreet. En brandnetels.

Na 'n ewigheid sê die gids ons draers en dagsakkies bly saam agter en ons gaan voort met net ons kameras en drinkwater. Ons word gewaarsku om nie in die gorillas se teenwoordigheid te eet nie om moontlike kontaminasie van hul omgewing te verhoed. En as ons hoes of nies, moet dit in 'n sakdoek wees. Ek mis my draer deur die digte plantegroei maar skielik is ons by die gorillas.

Volgens die familiefoto wat aan ons gewys is voor ons begin stap het, bestaan die Umbano familie uit sewe individue (ek het byna "persone" gesê). Maar drie was afwesig. My sigbare familie het bestaan uit twee volwassenes, 'n "tienderjarige" en 'n kleuter. Wanneer 'n gorilla die ouderdom van 'n menslike tienderjarige bereik, is hy/sy eintlik al volwasse. Ons tienderjarige was heelwat jonger.

My familie was baie passief. Die grootmense het op hul rûe gelê en 'n middagslapie gevang. As gevolg van die terrein was ons deurentyd nader as sewe meters. Die kameras het oortyd gewerk. Ons het 'n rukkie op een plek vertoef en dan geleidelik om hulle beweeg sodat ons hul van alle hoek en kante kon bespied. Met gorillageluide wat ons algaande by die gidse geleer het, het ons met hulle probeer kommunikeer. Die baba het op 'n stadium om-en-om 'n takkie bokant sy vermoedelike pa geswaai. Die gids het gesê hy doen dit om ons te beïndruk.

Sy ogies was deurentyd op ons gerig. Te dierbaar. Die ouer gorillatjie het naderhand vir ons tande gewys, seker maar 'n manier van spog. Nie een gorilla was ooit dreigend nie. Die volwassenes het soms hul oë oopgemaak en dan weer gesluit, dalk om te wys ons beïndruk hulle hoegenaamd nie. Vreeslik blasé.

Die besoek is veronderstel om 'n uur te duur en niks langer nie. Ons volwassenes het na 45 minute opgestaan en aanbeweeg. Gelukkig was ons nie toegelaat om hulle deur die baie digte woud te volg nie. Ons draers het met ons dagsakkies opgedaag en so is ons met nog 'n via dolorosa af ondertoe.

My besoek aan die gorillas is tot dusver een van die hoogtepunte van my bestaan.

Wat het ons nog in Rwanda gedoen? Ons het drie heerlike maaltye elke dag gekry, merendeels in skoon, goedkoop verblyf oornag, een van die beste kultuurdorpies besoek wat ek nog beleef het, die volksmoordmuseum-kompleks in Kigali besoek (ek wou die res van die dag nie eet nie), 'n verskeidenheid woudpaadjies gestap waarvan die een in die reënwoud na 'n pragtige waterval vir my die beste was, saam met die plaaslike bevolking Wêreldbekersokker op televisie gekyk, die pragtige nasionale parke wat oortrek is met woude geniet, vyf ure lank op die Kivu-meer gevaar, 'n eiland met duisende reuse vlermuise besoek en die wonderlike land sommer net geniet.

Ek raak al hoe meer versot op Afrika as toeristebestemming. Ons bly op 'n fantastiese vasteland wat myns insiens stadig maar seker besig is om sy sokkies op te trek.

BOOK REVIEW

A new coffee table book on the Berg, ***'Drakensberg – Magnificent Mountain'***, was published by Oshana Publishers (www.oshana.co.za). The text is by club member, Ed Salomons, and the photos by Erwin and Nicoleen Niemand, who spent 3 years photographing the Berg. The photos are unusual and the text philosophical. The book is available from Ed Salomons (036-468 1202, http://www.inkosana..co.za) at R360 plus postage.



MERA PIEK, NEPAL

Tinus & Petra Bam

Dit het alles begin met die gedagte om na Everest Basecamp te stap en so die Himalayas te ervaar. Nadat ons met 'n paar mense wat na Basecamp gestap het gesels het en al die moontlike opsies oorweeg het, het ons besluit om eerder Mera Piek (6,476m) te klim. Die aantreklikheid van Mera is daarin dat 'n mens oor die Mera gletser stap om die ysbedekte Mera Central piek te klim en dan as jy op Mera staan sien jy Everest en nog vier van die agt 8,000 meter pieke wat in Nepal geleë is. Dit wil nou sê as die weer mooi is en die sig goed is!

Toe ons in Kathmandu van die vliegtuig afklim is dit heerlik warm en die Nepalese personeel van KE Adventure, ons Britse toeroperateur, verwelkom ons op die lughawe met stringe vars blomme wat om ons nekke gehang word. Die taxsi rit na die Shanker Hotel is nogal interresant. Groot dele van die stad lyk of dit nog nie klaar gebou is nie en baie van die geboue het nie vensters in nie maar alles is bewoon. Die verkeer is iets om te beleef. Dit lyk of daar geen reëls nie. Motors, busse, fietse en motorfietse toet en vleg verby mekaar, elkeen in sy eie koers. Op 4 April 2011 ontmoet ons die res van ons groep. Jose, die westerse toerleier wat deur KE verskaf is, 'n Spanjaard, drie van die groeplede is Skotte, twee is Engelse en dan is daar ook 'n Tjeggiese Kanadees. Petra is die enigste vrou in die groep. Die reëling is dat ons die volgende oggend vroeg na Lukla vlieg.

Lukla is in die Kumbu valei geleë en al die stappe in die Everest omgewing begin vanaf Lukla. Daar is net twee maniere om vanaf Kathmandu by Lukla te kom. 'n 45 minute vlug of 'n ses dae stap op die oorspronklike roete wat Hillary en Tensing gestap het. Die lughawe op Lukla word beskou as een van die mees onveilige lughawens in die wêreld omdat die aanloopbaan baie kort is (±460m) en die weer daar baie sleg kan word. Ons land heel voor in die 12 sitplek vliegtuig en kort voor lank is ons in die lug. Na ongeveer 20 minute se vlieg sien ons die eerste ysbedekte pieke. Ons land veilig op die Tesing-Hillery lughawe in Lukla en nadat ons verblyf in die 'lodge' uitgeklaar is verken ons die klein dorpie. Alles in Lukla wentel om toerisme en stap. Ons ontmoet die Nepalese personeel wat ons op die stap gaan vergesel. Lakpa is die Sherpa leier en saam met hom is nog 2 Sherpa gidse, 'n opgeleide Sherpa-kookspan, wat ons deurgaans gemoedsrus gegee het oor die hantering van ons etes en dan die draers .

Ons stap vanaf Lukla in die Kumbu valei op, in die teenoorgestelde rigting waarin die stappers na Everest Basecamp en die ander stappe in die omgewing stap. Ons moet uiteindelik vanaf die Kumbu valei dwars oor die berge stap om in die Hinku valei te kom en dan moet ons hierdie valei volg tot by die Mera gletser om so by die Mera piek uit te kom. Omdat die roete net na Mera piek gaan kom ons min stappers tee. Dit is iets waaroor ons baie dankbaar was, nadat ons in Lukla byna vertrap is deur stappers . Ons word ook die jakmis gespaar aangesien jakke nie op die roete gebruik word om toerusting te vervoer nie! Die passe wat oorgesteek moet word om in die Hinku vallei te kom, is te hoog en onveilig vir die jakke. Ons 'lodge' verblyf was vir eers verby en vir die res van die stap het ons in tente geslaap. Die tente is elke aand deur die draers opgeslaan op die kampterrein langs 'n "tea house/lodge". Die aandetes wat deur ons kookspan voorberei is, is in die heerlike warm eetsaal van die "tea house" bedien. Daar was normaalweg 'n 'heaterfee' van tussen 10 en 20 Rupies per person betaalbaar vir die hitte in die lodge. Dit was sonder uitsondering 'n 'bargain'.

Ons eerste nag in die tente is by Tchhutanga .Ons ontmoet hier 'n indiër en sy vrou wat van Mombaai af kom. Hulle is 'n dag voor ons en ook op pad na Mera piek toe. Ons slaap die volgende nag ook in Tchhutanga oor en gebruik die dag vir 'n klimatisasie stap teen die berghang reg agter die 'tea house' uit. Vanaf die hang kry ons 'n mooi uitsig oor die pas wat ons die volgende dag moet oorsteek. Die pas staan bekend as die Zatwra-La en is 4580m hoog. Teen alle verwagting in is die pas met sneeu bedek. Volgens Lakpa het hulle hierdie seisoen die meeste sneeu die afgelope 12 jaar gehad en het dit tot besonder laag teen die hange af gesneeu. Lakpa is in die algemeen nie baie beindruk met die weer wat ons ervaar nie en dit wek nogal 'n bietjie kommer. As die weer nie saamspeel nie sal dit nie moontlik wees om Mera te klim nie!

Die Zatwra-La is elke bietjie so erg soos dit die vorige dag vanaf die hang gelyk het. As gevolg van die sneeu en ys is die pas

moeilik begaanbaar en veral vir die draers is dit gevaarlik. Die ysreen wat ons bo-op die Zatwra-La kry maak dit baie koud.

Ons vorder deur die Zatwra-og, die volgende pas en daal dan na Thule-Karka waar ons oornag. Thule-Karka is die laaste 'tea house' in die Kumbu valei. Ons 'traverse' die volgende dag vanaf Thule-Karka oor verskeie uitlopers en teen 'n steil pas af tot by Khote in die Hinku valei. Op een van hierdie uitlopers kry ons die eerste blik van Mera. Ons oornag in Khote. Die Hinku rivier se bodem is erg ge-erodeer. Op party plekke is dit tot 30m diep uitgespoel. Dit is veroorsaak deur 'n natuurlike meer waarvan die een wal in 1998 gebreek het nadat 'n geweldige hoeveelheid ys vanaf die piek bokant die meer een oggend los gekom het en in die meer geval het. Die ys het veroorsaak dat die meer se wal oorstroom en breek en feitlik die hele meer in die valei afgespoel. Dit was 'n groot ramp en heelparty mense is in die vloed dood. Ons stap die volgende dag in die valei op tot by Tagnag. Wanneer ons begin stap by Khote sien ons hoe 'n helikopter kom land om 'n person met erge hoogtesiekte op te laai. By Tagnag sien ons die gebreekte meer en Piek 43 wat hoog bo die meer uittroon. Die ys het vanaf die agterkant van Piek 43 in die meer geval . Ons bly 'n dag in Tagnag oor en klim weer 'n hoë hang agter Tagnag ter wille van klimatisasie. Die omgewing begin semi woestyn voorkom.

Daar is nuwe opwinding in die groep wanneer ons vanaf Tagnag vertrek na Khare. Khare is immers die basiskamp vir Mera piek. Die lug is dun en koud. Na 'n goeie nagrus in Khare kry ons die volgende dag bietjie opleiding in die gebruik van toue, yspikke en crampons. Ons klip weer 'n hang agter Khare vir klimatisasie en pak ons bagasie sodat net die nodigste verder saamgaan. Vroeg die volgende oggend terwyl ons in die sneeu teen die hang agter Khare uitklim sien ons weer 'n helikopter wat iemand met erge 'frostbite' kom oplaai. Volgens Lakpa kan die helikopters nie hoër as Khare vlieg nie. Ons stap nog met gewone stewels in die sneeu en volg die een rif na die ander totdat Lakpa ons met groot gebaar tot stilstand bring. Ons is nou by 'crampon point'. Ons verruil ons gewone stewels vir ons dubbellaag plastiese stewels en sit die crampons aan. Van hier volg ons 'n dowwe voetpadjie op die prentjie-mooi Mera gletser na die Mera La kamp (5,415m). Die roete oor die gletser is nie baie styl nie en kronkel tussen ontelbare crevasse deur. Ons sien weer die Indier en sy vrou wat ons by Tchhutanga ontmoet het. Na 'n lang nag op die sneeu by Mera-La volg ons die pad verder teen die gletser op na "Highcamp" (5,800m).

Dit is 'n lang dag se stap in 'n spierwit wonderwêreld. Ons is geseën met die mooiste sonskyn, die eerste oop dag sonder sneeu tot dusver. 'Highcamp' is agter 'n rotswand om dit bietjie te beskerm teen die wind. Die tente staan op die rand van 'n afgrond en die uitsig in die valei af is asemrowend.
Die vrees bestaan steeds dat die piek onbegaanbaar kan wees as gevolg van die baie vars sneeu van die vorige paar dae. Drieuur die volgende oggend staan ons op om die piek aan te durf. Ons is met toue aan mekaar vas om te help as iemand in 'n crevas sou trap. Die ry kopliggies in die donker op die wit sneeu skep 'n ongelooflike gesig terwyl ons in die stilte van die nag teen die berg klim. Die lug is dun en die temperatuur is in die omgewing van -19 grade. Wanneer die son opkom is ons naby aan Central piek en soos dit lig word ontplooi 'n perfekte wolklose dag!! Lakpa merk op dat dit die mooiste dag is wat hy nog op Mera ervaar het (Hy was al 40 keer daar!!) Ons klim die laaste ±15 m teen die pienk met toue wat Lakpa vir ons daar opgesit het. Die uitsig is onbeskryflik. Dit voel asof 'n mens bo-op die aarde staan. Dit is 'n 360 grade uitsig en rondom is spierwit en blougrys pieke.

Wanneer jy in die rigting van Everest kyk sien jy Lothse langs hom met Makalu regs van hulle. Effe verder regs troon Kangchenjunga uit met Cho Oyu links van Everest. Onbeskryfik!! Heeltemal te kort het ons in hierdie wonderwereld vertoef, want die lang pad terug lê nog voor en die weer is bekend om sleg te word. Lakpa jaag ons aan. Dit lyk of dit mistig raak en hy raak bekommerd. Ons stap verby Highcamp en verby ons kampplek by die Mera-La. Op die Mera gletser maak die mis ons toe. Lakpa was nie verniet bekommerd nie.
Gelukkig is die spore duidelik sigbaar tussen die crevasse deur. Laat die middag ruil ons weer stewels en teen sesuur kom ons in Khare aan. Ons is by moeg verby maar die gees in die groep is goed. Ons het dit gemaak en die beelde wat in ons geheue vasgelê is, is nog vars en steeds onbeskryflik.

Ons stap verby Tagnag en oornag weer by Khote. Van Khote na Thule-Kharka. Toe ons daar aankom sien ons hoe 'n heilkopter land en ons verneem dat hy ons Indiese vriend en sy vrou kom oplaai het. Die vrou het begin sleg voel en erg siek geword.

Nog twee dae later, twee passe, 'n sneeustorm en 'n donderstorm en ons is weer terug in Lukla. 'n Ondervinding met vele ontberings, maar ontelbare belonings wat ons lewenslank sal koester.

**~~~

ALEXANDRIA ROETE

Charlotte (Stapleier) 28 April – 2 Mei 2011

Ons was 12 lede wat die langnaweek van oral af aangesluit het by die woude van Alexandria. Met n grondpad vanaf die dorpie ry mens deur n valhek tot by die 2 pragtige idilliese houthuise. Dit is nou alles deel van Sanparke se Addo Nasionale Park. Daarom word die groot 7, waarvan die walvis een is, hier aangetref.

Ons kry 'n vinnige lesing by die kantoorpersoneel oor die gety op die eerste dag se stap. Dit is belangrik om die strand-gedeelte met laagwater te stap, daarom moet stappers weet hoe laat laag -en hoogwater is.

Die geriewe by die houthuisies is redelik luuks, met spoeltoilette en warm water(mits sommige mense weet hoe n geyser werk.!) Maar daar is nie yskaste nie, so moet dus nie vars vleis vir die terugkeer los nie, anders stap dit jou tegemoet!

Die eerste dag is 19.5 km en kronkel deur inheemse woude met enorme geelhoutbome.Die paadjie kom dan uit by die kus waar dit eers vir so 2 km deur strandbos gaan voor dit by die strand met sy massiewe sandduine uitkom. Die uitsig hier is werklikwaar uniek.

Hoewel dit laagwater was, was dit moeilik om op die strand te loop, maar met die groot sandduine aan die regterkant het dit mens tog stof tot dankbaarheid gegee. Ek het weereens verstaan waarom stappers eerder laagwater hier moet stap.

Ons moes pas aangee om ook betyds deur die dramatiese Cape Woody hange en rotse te kom. Die water het, nadat ons deur is, die strand toegespoel en tot teenaan die massiewe rotse geslaan. Ek was dankbaar om die rooi tou te sien waarmee ons moes opklim teen die sandduin tot bo.

Hierna loop die pad deur kusfynbos met 'n fantastiese uitsig oor die see. Ons kon ongelukkig nie die skeepswrak van die Nidaros sien nie, maar kon darem die voeleiland in die verte sien. Die Woody Cape hut is pragtig gelee teen die hange van die kuswoude en met 'n glasie sherry het die uitsig goed afgegaan.

Die tweede dag loop oor van die grootste sandduine in die Suidelike halfrond en dit was soms 3 tree vorentoe en 4 tree terug. Na stewige bulte (wat aan die Otter staproete herinner het), in die inheemse woud en 'n heerlike afkoel in 'n plaasdam, het ons tuisgekom by die houthuisies. Dit was 'n pragtige roete met baie variasie en 'n baie aangename en vrolike groep stappers. Ons was dit almal eens dat niemand na so 'n lekker en mooi stap wou huis toe gaan die volgende oggend nie! (Die houthutte kan bespreek word sonder dat die roete gestap word)

Remo, Walter en Sorita geniet 'n welverdiende koffietjie bokant die Kgotjane Cutback.

DIE BERGKLUB SE QWA-QWA MINI-KAMP 2011

5-Dag Roete - Deon du Plessis

Derek Odendaal het al 2 jaar gelede die Vrystaatse Afdeling se stapleiers voorberei op die Bergklub van SA se Mini-kamp te Qwa-Qwa. Ek het al verskeie kere deur QwaQwa se digbevolkte Witsieshoek/Phuthadijaba woonbuurtes gereis en buiten vir die ekstreme ooste –en westekante van die Drakensberg/Maluti berge, nie veel potensiaal vir 'n lekker staptog gesien nie. Eers was daar in September 2009 'n harde, maar "eye-opener" klim in die Fika Patso-Letjwaneng area waar ons op teen Lammergeierpas en af met die Pitsanengpas is. Derek was lyk my ook maar 'n bietjie verroes, want die B-moeilikheidsgraad stap het ons die tog na 'n redelik diep in die C-kategorie stap opgegradeer. Wat egter opgeval het (buiten die pragtige landskap), was dat die plaaslike bevolking nie meer verder as so 2 km van die naaste dorpie, hul vee meer bewei nie. Dit laat dus duisende hektare se se voetheuwels in "pristine" kondisie – die nadeel is egter dat die voetpaadjies nou toegegroei raak en dat jy sukkel om te stap. In April 2010 het ons die Kgotjwanegebied gestap – die Moriti-pas op en Kotjwane-pas af en dadelik besef dat hierdie een van SA se top stapgebiede is – ook nou met duisende hektare se onbeweide veld. September 2010 was ons weer in die Brandwag-area (Sentinel), Kettingleer op en Black Wall-pas af, terug in die Letwaneng-vallei. Hoewel die mini-kamp 'n jaar vervroeg is, was ons stapleiers nou bekend met die area.

Die mini-kamp is gehou tussen 10 en 16 April 2011. Weens die baie vakansiedae voor en na die kamp, was meeste van die byna 50 bergklimmers, die meer senior (afgetrede) Bergklub-lede wat die kamp bygewoon het. Die daguitstappies het dus meestal byval gevind by die ouer garde, terwyl die regtig lekker, meer veeleisende, hoë bergstappe slegs beperkte belangstelling gelok het. So het Derek my op 'n 5-dag stap van die Sentinel tot Kgotjwane toegedeel, met Archie Archer, 'n ander staptoerleier (sonder stappers) as bekwame assistant. Ons was aanvanklik 'n groep van 7 stappers wat uit myself (Ailwal-Noord), Archie Archer (Vereeniging/Pretoria), Steven Adendorf (Welkom), Bill Uren (Plettenbergbaai), Maretha Alant (Knysna), Fran Hunziker (Barrydale) en Sue van Malsen (Pietermaritzburg) bestaan het, met 'n 3-dag stapgroep wat later by ons sou aansluit.

Ons het so gly-gly op Sondag 10 April by die basiskamp in die Sekoto-vallei bymekaargekom. Die middag het 'n goeie donderbui die paaie en kamp in 'n redelike modderige affêre omskep en 'n nagmerrie vir die nie-4X4 voertuie op 'n glibberige pad veroorsaak. Sondagaand nuttig ons 'n verrassende lekker tradisionele ete by die Basotho Cultural Village sowat 30 km van die kamp en goed op pad Golden Gate toe.

Dag 1: Maandagoggend 08h00 sien ons 5-dag stappers saam met ‘n paar dagstappers na die Sentinel-parkeerarea vertrek. Die stap begin, soos feitlik die hele komende week, in helder sonskyn, maar dan begin die mis opkom en in die middag begin dit te reën. Na ons uitgeteken het by die Sentinel-parkeerterrein (2500m) en om die skouspelagtige Brandwag-piek (Sentinel) gestap het, kom ons na so amper 5 km by die berugte Kettingleer (3000m) uit. Die dubbele stel van 2 kettinglere is aanvanklik effe senutergend om teen uit te klim – veral met die eerste keer. Bo begin die mis ernstig sy sluier oor die skouspelagtige Amfiteater te trek en ons groet van die dagstapgroeplede en begin direk stroomop met die Tugelarivier te stap. Middagete word langs die Tugela, nie ver van Mont-aux-Source nie, genuttig.

Ons swaai oor na die Namahadi-pas, die tradisionele roete van QwaQwa na Lesotho, verby die ou polisie-pos se ruïnes, tot die digte mis ons toevou. Nou is sig beperk tot sowat 50m en kort-kort loop ons ons vas teen die eskarpement se kranse. Dit begin te reën en later selfs ysreën. Een van die stappers is ‘n roker en waar jy by die kus se stappe nog daarmee kan wegkom, vreet die 3000m hoogte se dun lug aan die stapper se stapvermoë en ons vordering is maar stadig. Gelukkig kom Archie tot ons redding met ‘n kombinasie van GPS plot en op sy kompas stap, anders kan die digte mis jou baie vinnig disorienteer. Na so 8 km se stap van die Kettingleer af, kry ons die paadjie wat voor om die eskarpement se kranse loop na die Namahadi Cutback. Gelukkig kan niemand die diep kranse onder die paadjie in die digte mis sien nie en met die reën wat nou darem opgehou het, kom ons by ‘n gelyk stuk grond langs ‘n stroompie uit, die ideale kampplek. Dis net voor donker en ons slaap die eerste aand teen die bolope van die Namahadi-rivier op 3150m.

Dag 2: Dinsdagoggend om 06h00 stap ek en Steven Adendorf eers na die 2de hoogste punt in die Vrystaat, nl. die Namahadi Tafel (3274m). Ons is onder die indruk dat ons in ‘n heeltemal afgeleë gebied is, maar hier loop ‘n gemerkte 4X4-roete regoor die westelike punt van die Tafel. Daarna mik ons vir die die hoogste punt in die Vrystaat, nl. die Namahadi-piek, of liewers Namahadi Dome (3287m), selfs hoër as die bekende Mont-aux-Sources (3282m). Goeie uitsigte oor die noordelike hoë berge van Lesotho is moontlik van beide pieke. Daarna stap ons terug waar ons almal van die kampplek na die Point Buttress uitloper stap en die kranse van die Namahadi Cutback bewonder. Goeie uitsigte is ook verkry op die Sentinel, Hidden Falls, Hidden Valley en verder na Derek se Grot en die Lammergeier-pas, waar ek en Archie met ‘n vorige QwaQwa verkenningstog so ge-”suffer” het.

Dan is dit oppak en ons volgende stop is die 3de hoogste piek in die Vrystaat, nl. Vrystaat-piek, (3254m). Die eskarpement gebied begin nou erg mistig raak en ons uitsigte is beperk tot Lesotho se berge. Ek gaan wys die groep die bopunt van die Lammergeier-pas, maar die hele QwaQwakant van die esparpement is toe onder die mis. Ons stap teen die binnekantste hange van Dad, Kids en Mom pieke af in Lesotho na die Tlolohatsi-stroom waar ons middagete nuttig en ‘n vinnige swem inkry. Ons mis ongelukkig die pragtige uitsig vanaf Rift Peak weens die malende misbanke oor die eskarpement en hou langs die stroom af, waar daar ‘n groepie veewagtertjies vanaf hul skuiling ons veraf toeroep. Ons maak goeie vordering deurdat ons langs die Tlolohatsi-stroom hou en eers regoor die Pitsaneng-pas weer uitklim en hogerig hou en weer ‘n lekker plat kampplek kry (2900m) langs ‘n stroompie naby die eskarpement. Ons het skaars ons tente opgeslaan toe dit vir die hele laatmiddag en voornag reën.

Dag 3: Woensdag is ons maklikste dag en gelukkig het die reën opgeklaar. Dis egter ‘n redelike ent se klim op na Maalhoekpiek, maar die groep begin nou fiks te raak. Ons sien nog vir oulaas ver terug die Duiwel se Tand en die Amfiteater se pieke, maar dan maak die Natalse mis die pieke toe. Maalhoek-piek (3140m) het van die beter uitsigte en ons kan oor die QwaQwa se Klein Amfiteater uitkyk en met die verkyker kan ons die Sekoto basiskamp duidelik sien. Ons sien ook Sorita Matthysen en haar groepie van 5 stappers uitklim teen die lang rug onder die Lefika-le-Moriti (Monument-piek) waar hulle hul 3-dag staptog begin. Dis ‘n 1000m klim vir hulle om net op die eskarpement te kom. Van Maalhoek af stap ons langs die Kgotjwane-stroom af en swaai weg na die Scaly- en Moriti-passe. Aan die voorkant lyk die Kgotjwane-piek (3060m) iets soos ‘n hefte van die Drakensberg se Saddle. Ons klim hom gou uit en van die hoë kranse kan ons Sorita-hulle se vordering verby die Monument dophou. Wat egter die aandag trek is ‘n impi van 8 man en minstens 56 honde wat jag maak op enige wildslewe teen die steil hange onder ons. Is jy kwaad vir hulle wat alles voor die voet uitroei of bewonder jy hulle vermoëns en ywer vir ‘n stukkie vleis?

Ons sak weer af verby ‘n oorblyfsel van ‘n ski-lift enjin en nuttig middagete by die boonste ski-dam waar ons weer ‘n duik vat. Dan op verby die murasies van die Ski-lodge uit ‘n era toe iemand ‘n visioen van ‘n ski-oord gehad het. Vroegmiddag slaan ons kamp op net bokant die Kgotjwane Cutback (2860m). ‘n Veewagter met sy kleinvee stap by ons verby. Ons stap al op die eskarpement terug en bewonder die ruwe klowe, maar Kgotjwane se 3 watervalle is te goed weggesteek. Later voeg Sorita (van Bloemfontein), Walter Mossner en Remo Ehlers (van Welkom) en Rod en Rachel Saunders (van Kaapstad) hul by ons groep. Hoewel die mis opkom, kon ons die aand darem tot laat buite bly en kos maak.

Dag 4: Donderdag sien Steven en ek weer voor ligdag op pad na Metjhatjhane-piek, nog ‘n piek van oor die 3000m en die heel noord-westelike punt van QwaQwa se eskarpement. Omdat die Maluti-berge hier skerp na die suidooste wegswaai en Metjhatjhane-piek op ‘n lang uitloper geleë is, is daar goeie

vergesigte oor QwaQwa, Golden Gate en die Vrystaat en die noorde van Lesotho. Dan is dit vinnig die 4 km terug terwyl die mis weer toesak. Dis eers op na die Kotjwane-pas en dan die lang afdraendes af na Cleopatra se Baddens. Die water het heldergroen poele in die wit sandsteen rivierbeddings uitgekerf. Net toe ons onder by die waterpoele kom, begin dit te reën en ons soek inderhaas skuiling oor die gladde rivierbedding na 'n oorhangkrans. In die haas oor die gladde klippe gly Fran en breek haar neus in en veroorsaak 'n bloedbad op die klippe. Ons nuttig middagete terwyl dit neerstort – soveel vir die uitsien om in die helder poele te swem. Dis al 14h00 en ons besluit om Fran terug te vat kamp toe. Sorita en Archie neem toe die res van die groep langs 'n vol Kgotjwane-rivier af na die lekker grootoorhanggrotte om te oornag. Ek en Fran is toe terug basiskamp toe en hoewel ons baie hard gestap het, want ek het gehoop om dit terug by die grot voor donker te maak, was dit eers 17h00 voor ons die kamp bereik het. Sy het nooit gekla nie en is een van die taaiste bergklimmers met wie ek al gestap het.

Dag 5: Vrydagoggend en die laaste dag. Ek het vroegoggend na die oorhanggrotte teruggestap en die groep gekry net toe

hulle die grotte verlaat. Die lang gras is papnat en ons verken eers 'n bietjie die sandsteenkranse bokant die oorhanggrotte. Daar is 'n gemerkte paadjie langs die hange van die Kgotjwanrivier. Die sandsteenkranse, watervalletjies en bergwoude is pragtig. Dan is dit op oor die Thabana Tshowana plato en verby die twee panne wat ons van die eskarpement af al kon sien. Middagete word vir oulaas by die grootste pan/dam genuttig.

Dis nog so 2 km soos die kraai vlieg na die basiskamp en ons sloer nog vir oulaas om die mooi vergesigte oor die Monument, Kgotjane-piek en die Klein Amfiteater tot Maalhoek in te neem. Die mis kom ongelukkig weer op en dan is dit 300m steil af tot by die basiskamp. Die aand is afgesluit met 'n braai waar die reën weereens neergekom het, maar nie die atmosfeer kon demp nie. Saterdagoggend is daar in die mis en klamigheid opgepak en gly-gly die pad terug huis toe geneem.

Ons het sowat 50 km kaartlangs gestap (heelwat meer as die pieke wat ons gaan klim het, ingetel word), waarvan 30km op die eskarpement was, op gemiddeld so 3000m. Hoewel die mis en reën ons soms gekortwiek het, was almal eens dat dit 'n baie lekker stap was wat met die beste van die Natalse Drakensberge kan vergelyk. Baie dankie en geluk aan Derek en die bestuurspan wat deur die hardebaarde as seker die bes georganiseerde Mini-kamp bestempel is.

KRAAIRIVIER
HOLSPRUIT STAP

19 – 22 Maart 2011

Deon du Plessis

Vrydagaand 19 Maart 2011 het die groep van 9 van oraloor by die stapleier se huis te Aliwal-Noord bymekaar gekom. Na 'n vinnige braai, is daar na die plaas Kings Crown, sowat 65 km oos van Aliwal, uitgery. Die vorige dag het dit oor die 100 mm in die omgewing gerëen en veral die laaste 8 km op 'n plaaspaadjie was baie nat. 'n Bakkie wat vasgesit het, moes uitgegrawe word. Net voor middernag is die sinkgeboutjie, wat ook maar nat was, bereik waar ons oornag het.

Saterdagoggend het ons eers op 'n baie vol Holspruit afgekyk. Daarna is die rugsakke opgeneem en kloksgewys om die Gryskopberge gestap, terwyl ons op die Kraairivier afkyk. In 'n alreeds baie afgelëe gebied, het ons nog verder weggestap en steil teen die berghange afgesak na die Kraairivier. Ons het vir die aand op die Kraairivier se suidelike walle, regoor die Karringmelkspruit samevloei, gekamp. Net na die tente opgeslaan en geswem is, het dit laatmiddag gerëen. Gelukkig het die rëen opgeklaar en 'n volmaan het uitgekom.

Sondagoggend sien ons dat die Kraairivier, wat die vorige dag reeds in vloed was, met nog 'n meter gestyg het tot feitlik rekordhoogte. Die kranse en berge verrys meer as 500 m aan weerskante van die Kraai, Karringmelk en Holspruit. Ons het die die Kraairivier verlaat en teen die Holspruit uitgeklim sodat ons teen middagete die sirkel na die sinkhuisie voltooi het. Drie stappers moes vroëer teruggaan en is haastig weg voor dit weer begin rëen en die pad onbegaanbaar gemaak sou word. Agterna sou ons uitvind dat hulle inderdaad (nog voor die rëen) vir 3 ure vasgeval het. Die res van die groep het sonder rugsakke die Gryskopberge uitgeklim. 'n Rëen- en haelbui het skouspelagtig al met die Holspruit na ons aangekom en ons

moes vir 'n rukkie onder 'n oorhangkransie skuil. Die 360º uitsig van bo oor die klowe en kranse van die Karringmelk-, Holspruit en Kraairivier tot 60 km weg, is pragtig. Dan is daar ook die die senuterende "Karringmelk Shuffle" vir die wat dit oor die 30 m lange rotsboog wil waag met die Kraai/Karringmelk samevloei, 550 m onder jou…

Maandagoggend vertrek ons van Kings Crown se sinkhuisie, oor die Holspruit by Floukraal en weer die berge in na Fountainkloof. Daar word gepoog om Khoi- en San-tekeninge

oor reendiere, visse, elande, jagtogte, karosse ens onder ‘n groot oorhangkrans uit te lê. Verder af in die digte kloof is ‘n 20 m hoë watervalletjie wat sterk vloei. Soos oral, vloei water letterlik uit die veld. Veral die stadsmense neem teen middagete traag afskeid van hierdie afgelee en pragtige gebied. “Hier kan jy wegkom van alles, asemhaal en hierdie uitstappie moet beslis ‘n jaarlikse instelling word” is die konsensus van die stadsjapies. Ek bly maar stil, maar met so ‘n wonderlike gebied in jou eie agterplaas, is dit die rede waarom ek nie so gereeld op Bergklubuitstappies hoef te gaan nie.

Die volgende persone het die naweek meegemaak: Peter en Susan Pyke van Pretoria, Remo Ehlers en Steven Adendorf van Welkom, André vd Berg van Bloemfontein en Charmaine Coetzee, Louisa Krugel, Daniel Bezuidenhout en myself van Aliwal-Noord.

VAN DIE VOORSITTER

Hallo al die lede,

Na ‘ n koue winter waarin ons almal gehiberneer het, sien ons weer eersdaags uit na ‘n welkome lente en kan ons weer die berge en natuur aandurf . Ek hoop dat die volgende ses maande vir jul almal baie stap- en klimgenot gaan bring. Derek het vir oulaas ‘n interessante program saamgestel en ek hoop dat ons in vol getalle gaan opdaag.

Namens die komitee en al die lede wil ons net weereens vir Derek en Jacomi dankie sê vir al die jare se betrokkenheid en harde werk. Ek hoop julle is baie gelukkig in Oudtshoorn. Jacomi is nog bereid om voort te gaan met die Billi nuusbrief en ons sê baie dankie daarvoor.

Ons as komitee gaan die program van volgende jaar af saamstel en ons wil graag insette van die lede ook hê. So dink gerus en laat weet as julle aan enige stap of berge dink wat ons op die program kan sit.

Net weer ‘n herinnering met betrekking tot ons Vrystaat webwerf, naamlik http://vry.mcsa.org.za OF http;//mcsa.org.za

Dankie aan almal wat reeds hul jaarfooie betaal het. Indien iemand nie n rekening ontvang het nie, laat weet asseblief vir Sorita by sorita.matthysen@gmail.com

Bergklim groete

Charlotte

Voorsitter: Charlotte Augustyn (0833249474)

charlotteaug@hotmail.com

Sekretaresse: Sheila Addison (0828508801)

sheilaa@telkomsa.ne

BERGKLUB NUUS

Ons het sover die jaar ‘n baie suksesvolle Vrystaat minikamp in die Sekotavallei, QwaQwa, gehad in April. Volgende jaar bied die Magaliesbergafdeling die minikamp aan en ons hoop dat baie van ons lede dit gaan bywoon.

Die stappe op ons program was almal goed en entoesiasties verteenwoordig en slegs die Injasuti, Drakensberg, klim is gekanselleer weens n tekort aan belangstelling en baie koue weer. Dit sal egter volgende jaar herhaal word, so raak solank fiks!

Die sosiale aand by Marietjie was baie aangenaam. Dankie Marietjie. Die wat dit nie gemaak het nie het op heerlike sop en broodjies uitgemis.

Ons se graag sterkte aan Estelle en Marietjie wat die Camino Pelgrimsstaproete in Spanje gaan doen in September, asook Molly, Suki en hul groepie wat in Griekeland gaan stap. Geniet dit!

Baie geluk aan Tinus en Petra Bam van Reitz wat die piek van Mt. Mera in die Himalayas suksesvol bereik het.

Baie geluk aan Jacques en Letitia Jordaan met hul pragtige seun. Nog n Bergklub romanse! Hoop jul leer hom gou bergklim!

Van Bergklub romanse gepraat! Baie geluk aan Annelie Fourie en Peet van Rooyen met hul huwelik. Hoop julle gaan nou as getroudes baie uitstappies vir ons lei. Geluk ook aan Pat en Louis, ouers en skoonouers van die twee.

Baie welkom aan nuwe lede wat by ons aangesluit het sover die jaar, naamlik Merlene Esau, Natalie le Roux, Lorene Erwee, Leo Kirsten, Peet van Rooyen en Johan (Proppie) Luwes.

Sixteen Steps to Building a Campfire

1. Split dead limb into fragments and shave one fragment into slivers. 2. Bandage left thumb. 3. Chop other fragments into smaller fragments. 4. Bandage left foot. 5. Make structure of slivers (include those embedded in hand). 6. Light Match. 7. Light Match. 8. Repeat "a Scout is cheerful" and light match. 9. Apply match to slivers, add wood fragments, and blow gently into base of fire.

10. Apply burn ointment to nose. 11. When fire is burning, collect more wood. 12. Upon discovering that fire has gone out while out searching for more wood, soak wood from can labeled "kerosene." 13. Treat face and arms for second-degree burns. 14. Relabel can to read "gasoline." 15. When fire is burning well, add all remaining firewood. 16. When thunder storm has passed, repeat steps 1 – 16

Interesting Mountain Facts:

- Due to equatorial bulge, the furthest point on the earth's surface from earth's center is the summit of Chimborazo in Ecuador (20,703 ft.)
- Roger Ederlin and his dog, Diente ("Tooth"), climbed all 54 fourteen-thousand foot peaks in Colorado. Diente usually led and was assisted only on Capitol Peak's knife edge.
- Pemba Dorjee Sherpa (27 yrs. old) made the fastest climb of Mt. Everest from base camp (17,500 ft.) to summit (29,035 ft.) on May 20, 2004. His time was 8 hours 10 minutes.
- With over 130 deaths, New Hampshire's Mt. Washington (6,288 feet) is the second deadliest mountain in the world, behind Mt. Everest (~172 deaths).
- With over 26,000 cubic miles of material, Hawaii's Mauna Loa is the most massive mountain in the world.
- According to American Sports Data, Inc., the four most dangerous sports, measured by injuries per athlete-exposure, are (1) BMX bicycle racing -- 0.78%, (2) mountain climbing - 0.74%, (3) in-line skating - 0.38% and (4) skateboarding - 0.34%.

Forest Service Complaints

A small deer came into my camp and stole my bag of pickles. Is there a way I can get reimbursed? Please call."

"Escalators would help on steep uphill sections."

"Instead of a permit system or regulations, the Forest Service needs to reduce worldwide population growth to limit the number of visitors to wilderness."

"Trails need to be wider so people can walk while holding hands."

"Ban walking sticks in wilderness. Hikers that use walking sticks are more likely to chase animals."

"All the mile markers are missing this year."

"Found a smoldering cigarette left by a horse."

"Trails need to be reconstructed. Please avoid building trails that go uphill."

"Too many bugs and leeches and spiders and spider webs. Please spray the wilderness to rid the area of these pests."

"Please pave the trails so they can be plowed of snow in the winter."

"Chairlifts need to be in some places so that we can get to wonderful views without having to hike to them."

"The jackals made too much noise last night and kept me awake. Please eradicate these annoying animals."

"Reflectors need to be placed on trees every 50 feet so people can hike at night with flashlights."

"Need more signs to keep area pristine."

"A McDonald's would be nice at the trailhead."

"Too many rocks in the mountains."

"The places where trails do not exist are not well marked."

MOUNTAIN WISDOM:

“I've learned that everyone wants to live on top of the mountain, but all the happiness and growth occurs while you're climbing it.”

“It is not the mountain we conquer but ourselves.”

- Sir Edmund Hillary.

“The higher you climb on the mountain, the harder the wind blows”

- Anon

“Most look up and admire the stars. A champion climbs a mountain and grabs one.”

- Anon

'Tis distance lends enchantment to the view,

And robes the mountain in its azure hue.

- Thomas Campbell, Pleasures of Hope

Mountains are earth's undecaying monuments.

- Nathaniel Hawthorne, "The Notch of the White Mountains," Sketches from Memory

The mountains were his masters. They rimmed in life. They were the cup of reality, beyond growth, beyond struggle and death. They were his absolute unity in the midst of eternal change.

- *Thomas Wolfe, Look Homeward, Angel*

If you hear that a mountain has moved, believe; but if you hear that a man has changed his character, believe it not.

- *Islamic Proverb*

The man who removes a mountain begins by carrying away small stones.

- *William Faulkner*

The higher the mountain the lower the valley, the taller the tree the harder the fall.

- *Dutch Proverb*